# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

15 Augustus 2013

Dagsê Almal

Ek sit Sondag oggend in GK Magalieskruin se kerk met ‘n blaadjie in my hand wat ek voorberei het om met die gemeente te deel na die diens. Ds. Danie het gevra ek moet dit kort hou maar ek het so baie om met die gemeente te deel dat dit moeilik is en ek stuur ‘n stil gebedjie op. Ds. Danie preek so in my hart oor versoening met God en ek raak rustig. My beurt kom en Ds. Danie slaan die spyker so op die kop om ‘n stelling te maak dat Eljada Huis nie vir my net nog ‘n werk is nie maar my lewe geword het. Ongelukkig moes ek my praatjie begin deur die onaangename deel van Eljada Huis naamlik ons finansies en ek moet dit vandag ook met julle almal deel. Ons is 100% afhanklik van skenkings maar:

- Ons bedryfsuitgawes loop maandeliks op ‘n tekort. Ek ontvang voldoende kos, klere en ander lewensmiddele maar daar is ander uitgawes soos die stadsraad se rekening, salarisse(R12 000 pm vir 3 personeellede), telefoon, brandstof, lisensies, instandhouding en dan ook kontant vir ID dokument aansoeke, medikasie, brille, tande, skoolgelde, skryfbehoeftes, skoolklere en help met eerste betaling van ‘n blyplekkie totdat die eerste salaris inkom. Ons ondersteun tans 12 gesinne waarvan 16 kinders is van verskillende ouderdomme. Van my onmiddelike NOOD is:
  - Ivon (R1200), Jenny (R1200) en Petro (R1500) moet tande kry.
  - Petro het geen ID nie (R280)
  - Tanya gaan op ‘n leierskamp (R550) want sy is verkies as 2014 leier en sy het ook skoolhemde nodig
  - 2 huishoudings het dringend verblyf nodig met klein kindertjies

Dit gee u ‘n aanduiding van my krisis t.o.v. finansies. Tydens die direksie vergadering gisteraand het Riaan gesê ons bankbalans staan tans op R32 000. Die bouwerk vra ook ‘n bietjie van ons kant af naamlik die aankoop van die bakstene (R10 000) want Martin gee alreeds die arbeid, sement, projekbestuurder, argitek en stadsbeplanners fooie. Ons het ook steeds ‘n kontant tekort om die diensteheffing te kan betaal voor die bouwerk kan begin. Ek pleit dus vandag asseblief vir ‘n kontant inspuiting. As 1000 lidmate maandeliks vir ons R50 kan bydra sal Eljada Huis se finansies geen probleme ondervind nie. Vanuit 36 gemeentes in Pretoria glo ek dit is haalbaar. Baie dankie vir elkeen wat reeds soveel bygedra het. My en die direksie se opregte dank om hierdie ondersteuningsprojek vir swaarkry mense moontlik te maak.

**NOOD: KONTANT, KOS – blikkies en vars, alle toiletware en meubels.**

**Skakel my gerus vir meer besonderhede**

Eljada Huis groete. Annatjie(012 377 0503 / 0728558289)

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**